DEEL 114 | WEEK 19 | 13 MEI 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# VRAE NA KIND SE WATERDOOD



Die gemeenskap van Sandersville in Heilbron wil antwoorde hê oor hoekom die konstruksie-area waar die nuwe toegangsbrug gebou word, nie veilig is nie.

Relebohile van Wyk (8) en twee van haar maatjies het Saterdag omstreeks 14:00 by die konstruksie gat gespeel, toe sy vermoedelik gegly het en by die gat wat sowat twee en half meter diep is, ingeval het. Haar maatjies het gaan hulp soek by die oorledene se tannie, Sorette van Wyk, wat nie ver van daar af bly nie. Relebohile kon nie swem nie en met Van Wyk se aankoms op die toneel was sy reeds onder die water. Die polisie is ontbied en was vinnig op die toneel. Polisieduikers van SAPD Welkom het laatmiddag haar liggaam uit die gat gehaal.

Die konstruksiemaatskappy, WW Civil Engineering wat die projek behartig, het na die ongeluk 'n meer sigbare versperringsband aangebring. Die gat is op 28 April met dinamiet oopgeskiet. Jacolene van Wyk, enkelma van die oorledene, sê dat die treurspel verhoed kon gewees het indien daar voldoende veiligheid rondom die konstruksiegebied was.

Op sosiale media het mnr. G.J. Willemse dit só omskryf: "Relebohile van Wyk (8), het haar jong lewe verloor weens die nalatigheid en die arrogansie van die Burgemeester, Ngwathe Munisipaliteit en die Konstruksie wat loopgrawe onbewaak en vol water gelaat het. Ek het persoonlik met die Uitvoerende Burgemeester van Ngwathe rdl. Victoria de Beer gesels, by talle geleenthede, insluitend hierdie bladsy, die laaste was op 27 April, oor die gevare van die water tussen Sandersville en S-area. Nodeloos om te sê, die Burgemeester het nooit op enige van ons kommunikasie gereageer nie!"




EST.2021
OJ'S
ON LONGMARKET
Smashburgers
200G BEEF PATTY
CALL US: 058 852 1319

*Swop fries for a side salad, peanut-coleslaw or pap coujons with tomato relish*

**CLASSIC** – Lettuce, pickled red onion, tomato, pickled cucumber, burger relish.

**CHEESE** – Lettuce, pickled red onion, tomato, pickled cucumber, tomato relish and cheddar cheese.

**SAUCY CHEESE** – Lettuce, pickled red onion, tomato, pickled cucumber and burger relish with mushroom, pepper or cheese sauce.

**BACON, CHEESE AND AVO** – Lettuce, pickled red onion, tomato, pickled cucumber, tomato relish, bacon, cheddar and avo.

**JAPANESE GINGER** – Lettuce, pickled red onion and cabbage, pickled ginger, radish, wasabi mayo, cupie mayo, honey soy, avocado and sesame.


**CHEESY JALAPENO BOMB** – Lettuce, pickled red onion, tomato relish, double cheese, Mexican green sauce, lime mayo and a jalapeno popper.

MON-TUE - CLOSED • WED-THUR - 10:00-21:00 • FRI-SAT - 10:00-22:00 • SUN - 10:00-17:00



# TOP 10 LEARNERS





*On the photo is the top 10 best performing children from grade 1 to grade 7 in Bhekilanga Primary School. On the left is the deputy principal Mr. M Ramoejane together with principal KZ. Tsotetsi and Teacher mr. DB Tshabalala with the children. On the orther is the proud parents of these best performing learners.*

# BEKOMMERDE INWONERS



Die benoudheid en stres van die inwoners in Heilbron loop hoog na die week se gebeure.

Vegkop was die week weereens die teiken vir misdadigers. Mnr Kobus Weilbach vertel dat daar by hulle Saterdagmiddag 2 uur ingebreek is. Hy vertel dat hulle nie by die huis was nie en sy alarm daardie tyd die middag afgegaan het. "Nie baie was gesteel nie, 'n televisie, tablet en twee selfone, waarvan ons een teruggekry het." Op 10 Mei was daar by drie ander huise ingebreek gedurende die oggendure. Die eienaars was in die huis terwyl die misdadigers hulself gehelp het waarmee hulle wou. Selfone en juwele was van die bedkassie af gesteel sonder dat die eienaars wakker geword het. Dupno Trading was vir 'n tweede keer die teiken van misdaad. Vrydagoggend 6 Mei om en by 2 uur is hulle Toyota bakkie gesteel, waar hulle net soos by die huise in Vegkop en Mnr Weilbach se huis die venster se diefwering oopgebuig het. Dit wil voorkom asof dit nie net meer motorsleutels is wat gesteel word nie. Fraaihuis Kwekery het ook al 'n paar keer deurgeloop en met die mees onlangse geval het die skelms die kwekery se tuinslange gesteel.

Mense in die omgewing word sterk aangeraai om hulle erwe te beveilig, hetsy met 'n hond of "beams".

Die SAPD vermoed dit is mense wat betrokke is met dwelms wat rondloop in die dorp en huise en mense van buite af dophou. Hulle gebruik 'n voorwerp soos 'n koevoet om die diefwering oop te breek. Kaptein Mothola vra dat die mense in Heilbron moet versigtig wees en enige iets wat verdag lyk rapporteer.

Die inwoners se groot bekommernis en vraag is hoekom hulle nie wakker word as die misdadigers in die huis is nie. Daarop het niemand nog 'n antwoord nie, alhoewel daar baie teorieë is. Ondersoeke duur steeds voor en Kaptein Mothola vra dat as enige iemand enige inligting het hulle sal kontak by 082 529 1908.

# HAND HYGIENE



• *Heilbron Clinic*

**WHY**

Many outbreaks of foodborne illness are traced to unwashed or poorly washed hands.

Sneezing and coughing can spread cold germs into the air, but most colds are caught and spread through germs on people's hands.

The germs that cause the flu, SARS, hepatitis A and many kinds of diarrhoea can also be picked up and spread by your hands.

If these germs are on your hands, touching your mouth or nose to eat, sneeze or cough can make you sick.

Touching a doorknob, pressing an elevator button, grabbing a pole on public transit or shaking hands can spread germs to others.

**WHEN**

Always wash your hands

**Before you:**

- Touch or serve food
- Eat or drink
- Put in or take out contact lenses
- Treat a cut, scrape, burn or blister
- Take care of someone who is sick

**After you:**

- Go to the bathroom
- Help someone else use the bathroom
- Change a diaper (don't forget to wash the baby's hands too)
- Cough, sneeze, blow your nose or wipe a child's nose
- Handle uncooked food, especially raw meat, poultry, fish or eggs
- Handle garbage
- Touch an animal, especially a reptile or clean up animal waste
- Take care of someone who is sick or injured
- Use public transportation

# *Uit die pen:*



## WEEK 19 VAN 2022

Ons werk nog steeds aan Die Projek. Die kinders weet nou min of meer hoe om 'n rekenaar aan te skakel, aan te teken en hoe om met 'n paar Microsoftprogramme te werk. Hulle weet hoe om twee keer te kliek en verstaan dat die pyltjie op die skerm beweeg as jy die muis op die tafel rondbeweeg.

Hulle het nog 'n vreemde manier om met die sleutelbord om te gaan. Ek weet nie of dit 'n millenniër-ding is nie. Julle het dit dalk ook al gesien: die persoon se vingers vee oor die hele sleutelbord wanneer hulle na die korrekte sleutel soek. Dit maak klik-klik-klik totdat die regte sleutel met mening gedruk word.

Die eerste deel van die opdrag is voltooi. Die tweede deel waaraan ons moes voldoen voordat ons in aanmerking kon kom vir die reis oorsee, was om artikels te maak wat in die oorsese land in 'n winkel verkoop kon word.

Omdat die meeste van die skool se leerders uit arm gebiede kom, besluit ek dat hierdie taak gemik sal word op artikels wat uit herwinde materiaal gemaak moet word. Hulle moet sommer die beplanning op enige van die Microsoft programme doen. Ek wys vir hulle voorbeelde van sekere artikels net om hulle verbeelding aan te wakker.

Party artikels was nogal oulik, maar ander sou nie eers die eerste dag van gebruik oorleef nie. Een van die leerders het 'n paar plakkies gemaak van karton en tou. Daardie een sou in die hek geduik het. Die ander leerder het dieselfde idee gehad, maar maak dit van motorbuiteband. Dit lyk en werk heel goed.

Teen hierdie tyd het baie van die leerders al moed opgegee: aanvanklik was die rekenaarklasse 'n heerlike nuutjie. Later het hulle uitgesak weens 'n verskeidenheid redes. Een van hierdie redes was bloot luiheid.

Die drie beste leerders word gekies: drie seuns wat opgewonde deelgeneem het. Sou dit in hierdie era wees, sou die Polities Korrekte Bende met ons samesprekings kom voer oor die geslagsverspeiding van ons keuse.

Ek, die kollega wat aangebied het om saam met my te werk en Die Skoolhoof word op 'n dag na 'n groter dorp genooi vir die afsluitingsfunksie waar ons projek amptelik as "geslaagd" aangekondig word.

Die onderwysdepartement vertel ons dat die planne effens verander het (het ons iets anders verwag?) en dat daar nou slegs twee onderwysers saamgeneem kan word op die oorsese reis. Onthou: die wortel was dat drie onderwysers en drie kinders saam kon gaan. Ek, kollega en Die Skoolhoof.

Ons drie hou kajuitraad om uit te pluis wie mag saamgaan. Ek gaan beslis, want ek was die eienaar van die hele projek. Kollega het gehelp, en daarom is sy benoem om saam te gaan. Die Skoolhoof is die skoolhoof, en dit is hoekom hy ook moet saamgaan.

Die Skoolhoof stel voor dat ek kies wie my mag vergesel. Ek kies my kollega. Omdat sy van die begin af daar was om te help. Ook omdat ons vriende was en sy 'n heerlike reismaat sou wees.

Die skool bederf ons elkeen met 'n nuwe reistas (wat sekerlik in China gemaak is van herwinde materiaal, want dit het nie lank gehou nie) en heerlike warm baadjies met die skoolwapen op, want ons gaan in die hartjie van die winter na die oorsese land.

Ons maak seker dat ons paspoorte nog geldig is. Die onderwysdepartement help die drie seuns met hulle paspoortaansoeke asook met ons almal se reisdokumente. 'n Reisagent pak vir ons alles saam in 'n blou koevertjie wat die belangrikste reis-item gaan word.

Ek was 'n paar keer op 'n lughawe, maar kry steeds koue rillings wanneer ek daar aankom: ek weet nie waar om te parkeer nie, ek sukkel om te vind waar die plaaslike- en internasionale vertreksale is en wanneer ek uiteindelik ingeboek is, wonder ek wie maak my bagasie oop. Ek verstaan nie hoekom jy ure op 'n lughawe moet mors nie: Jy wag ten minste vir 'n uur lank voordat jy die vliegtuig kan bestyg.

Dan stap jy omtrent 40 kilometer tot by die vliegtuig met jou handbagasie en jou handsak. Seker nie 40 kilometer nie, maar dit voel so. Nou draai jy dwars om jouself en jou bagasie deur die nou gangetjie van die vliegtuig te kry, al soekende na jou sitplek. Agter jou is 'n tou beswete mense, ook op soek na 'n sitplek. Elke af en toe kry jy 'n stootjie van agter af deur iemand wat ongeduldig word.

Uiteindelik kry jy jou sitplek, maar iemand sit reeds daar. En daardie iemand is nie jy nie. Nou vroetel jy jou vliegtuigkaartjie uit sy koevertjie en verduidelik mooi dat jy eintlik by die venster moet sit en nie die ander mens wat jou met leë oë aanstaar nie.

Ek kyk dat die drie seunskinders gemaklik is. Saam met ons is 'n paar ander skole se twee onderwysers (onthou – die Plan het verander) en drie kinders. Dis 'n geroesemoes soos hulle met mekaar vriende maak.

Ons drie seuns kry 'n blits-les oor hoe om die dakliggie en die waaiertjie aan- en af te skakel. Ek wys hulle hoe om die veiligheidsgordel aan te sit en dat die sitplek se rugleuning met 2 millimeter agtertoe geskuif kan word.

Ons het 'n oorklimvlug in Frankryk en ek sien nou al dat ek dit nie gaan maak nie. Ek en my kollega het ooreengekom dat ons elkeen 'n halwe slaappil gaan drink sodat ons darem nie soos *halfgeëte kêffie-pie* lyk nie. Ons kry ons aandete, wat nie te sleg is nie. Ek weet nie altyd hoekom iemand sou sê dat vliegtuigkos sleg is nie: alle kos wat deur ander mense voorberei word, is vir my liplek-lekker. (Solank daar net nie rosyne of koekvrugte in is nie).

Ons neem elkeen 'n halwe aspirien, 'n halwe slaappil en vir die wis en die onwis 'n dubbel gin.

Ek het nie geweet dat 'n halwe slaappil en 'n dubbel gin jou soos 'n spook met 'n krieketkolf kan slaan nie. Ek was uit soos 'n kers.

# MAGRIET WORD 90!



Magriet Booysen, 'n gebore en getoë Heilbronner, is die afgelope week deur jarelange vriendinne onthaal.

Merkwaardig om te weet is dat Magriet na haar skoolopleiding gekeur was vir Aptekerswese! Sy kon ongelukkig weens verpligtinge teenoor haar gesin dit nie opvolg nie. Sy het werk by die Poskantoor as Sentrale aanvaar.

Sy is later getroud met Gustav Booysen, een van die bekende 3 Booysen Broers wat bouers was. Hulle bouwerk is ongeewenaard in Heilbron. Uit die huwelik is 4 seuns gebore, naamlik Jannie, Monty, Leon en André. In hierdie tyd was Magriet 27 jaar werksaam by die destydse Heilbron Apteek. Almal onthou haar vir haar opgewekte geaardheid. Sy was 'n groot trekpleister vir kliënte. Haar man Gustav het haar 15 jaar gelede ontval.

Sedertdien bly Magriet nog onafhanklik in hul woning en bestuur sy nog self haar motor. Sy vertel met trots dat haar lisensie 3 weke gelede weer hernu is.

Tydens die geselligheid het Magriet haar vriendinne vergas met humoristiese staaltjies uit die verre verlede!

Min mense is beskore om 90 jaar oud te word - Magriet is een. In haar woorde, dis genade onbeskryflik groot.



*Vriende wat die geleentheid saam met haar gevier het vl: Laurette Naude, Wendy Roos, Rina Groenewald, Magdaleen van Rensburg en Julia Bester. Regs: Liddie Subke, Magriet Booysen, Alida Els, Quarta Pretorius en Judy Kemp.*

# GEKIES VIR VRYSTAAT



Op Woensdag, 4 Mei 2022, het Hoërskool Heilbron se o/12 en o/13 netbalspelers aan die Fezile Dabi Proewe deelgeneem.

Amoré Rochat is verkies om op 14 Mei 2022 deel te neem aan die Vrystaat Proewe.

# SPESIALE DANK VIR AL DIE REËLINGS

AGS Heilbron het Sondag 8 Mei 2022 op 'n gepaste wyse dankie gesê aan ons moeders, oumas en ons grootoumas. Pastoor Derick De Lange en Juan Daniel het ook 'n pragtige liedjie opgedra aan elkeen van die spesiale dames. 'n Spesiale boodskap is tydens die diens oorgedra. Pastoor Derick wil vir almal dankie se wie die diens bygewoon het en dat enige iemand enige tyd welkom is. Ook 'n spesiale dankie aan Magda wat die dekor gedoen het en almal laat voel het asof hulle in 'n ma se huis instap. Dankie vir Daleen wat vir elke vrou 'n geskenkie gereël het. Dit is baie kosbaar.

# DS PAUL TREE AF NA 52 JAAR



*Nketle van African Presbyterian het op die 1ste Mei 2022 na 52 jaar van leierskap afgetree by Phiritona Bafodiso Kerk. Sondag 8 Mei het hy gegroet en geskenke ontvang.*


AP KERK HEILBRON BASAAR BIED AAN:

4 JUNIE 2022

**Fietswedren**
5km - R50.00
10km - R80.00
40km - R150.00

**Pretdraf**
5km - R40.00
10km - R80.00

Kleuters kan om die blok ry met skopfiets vir R10.00!

Kom geniet die dag saam !



Om te registreer kontak Jolien: 072 126 4409

KONTANTPRYSE TE WEN !!!

# GELUKKIGE WENNER VAN MOEDERSDAGHAMPER





*Die aap is uit die mou, die gelukkige trekking van die Moedersdaghamper by Kleuterkasteel is op 6 Mei 2022 gedoen deur Magda van der Merwe (Op die foto links vl: Magda van der Merwe en Bokkie Mybyrgh van Kleuterkasteel) gedoen. Gerrit Viljoen (Foto regs) was die gelukkige pryswenner. Die skool het R7 300 gemaak. Groot dankbaarheid word getoon vir elkeen vir die ondersteuning. Handré Terblanche van Olifantklas en Elandi Potgieter van Hasieklas het die meeste kaartjies verkoop en elkeen het 'n kontantprys ontvang.*

# BOERE DOEN DIT SELF

"Groot dankie aan die paar Edenville-boere wat in net drie dae 20km pad se gate ordentlik toegemaak her. Julle is ons "Heroes". Ons waardeer opreg wat julle gedoen het. Nou kan ons almal veiliger ry. Nogmaals baie dankie aan julle". Sò bedank Mev Bettie Swart die boere wat die Edenville pad se slaggatte toegemaak het. Talle boere het saamgestaan om die pad weer begaanbaar te maak, aangesien dit haastig besig om een van die gevaarlikste paaie in ons omgewing te word en mense het al talle bande daar verloor. Die toestand van die Edenville pad was van so 'n swak aard dat mense 90 minute geneem het om van Heilbron tot in Edenville te kom.

Boere van Reitz-Oos het ook oor Paasnaweek bymekaar gekom om die S1421 (Reitz/Warden) grondpad te herstel. Die pad was glo so sleg dat 'n vierwielaangedrewe voertuig gesukkel het om daar te ry. Die boere en plaaswerkers het op 18 April van 7vm tot 6nm gewerk. Drie trekker-laaigrawe en vyf trekkers met wipwaens was gebruik.

"Dis 'n saaigebied en hierdie boere is afhanklik van die pad om produk by die silo's te kan lewer."

Boere is van mening dat hulle nie net agteroor kan sit en wag vir die paaie departement om dit reg te maak nie, en as hulle dit nie wil doen nie moet die boere maar self werk maak daarvan.



# SPUR MOEDERSDAGHAMPER

*Met Moedersdag verlede Sondag het Spur dit goed gedink om 'n trekking te hê vir 'n gelukkige moeder wat daar geëet het. Wendy Swanepoel was die gelukkige Ma en het haar opgemaakte pakkie Woensdag ontvang.*

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006




# POSITION 1 IN DRAMA AND VISUAL ART



*This group of Phitshana learners has obtained position 1 in drama and visual art in Frankfort in tutelage of Me YMM MOKOENA (Departmental head) and Me Yekwa T with others who helped.*




## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 3 Mei '22 | 11 Mei '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 10 506 | 10 835 |
| | Deneysville | 847 | 854 |
| | Oranjeville | 245 | 247 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7569 | 7668 |
| | Viljoenskroon | 1137 | 1145 |
| | Steynsrus | 205 | 209 |
| NGWATHE | Parys | 2952 | 3015 |
| | Heilbron | 1491 | 1502 |
| | Koppies | 1363 | 1366 |
| | Edenville | 208 | 211 |
| | Vredefort | 396 | 402 |
| MAFUBE | Frankfort | 1850 | 1874 |
| | Villiers | 667 | 671 |
| | Cornelia | 167 | 169 |
| | Tweeling | 379 | 383 |
| TOTAL | | 30 122 | 30 551 |

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Hendie Lötter* by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za






## SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 8 | | 3 |
| | | | 4 | | | 6 | | |
| | | | 2 | | 7 | | 9 | |
| | 8 | | | | | | | 6 |
| | 9 | 6 | 8 | | | | 3 | |
| | 3 | 2 | | | 9 | | | |
| 4 | 7 | | | 5 | | | | |
| | | 9 | | | | 4 | 2 | |
| | | | 6 | 7 | | | | |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R


**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**




**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!





**Buy-a-Bale**
**Make Your Own Cash!**




**BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!**
**Overcoats Benoni**
97 Princes Ave.
011 845 4769
**Call SYDNEY now!**
**072 885 1999**
sales@overcoats.co.za
**www.overcoats.co.za**
**WE DELIVER COUNTRY WIDE**
**OVERCOATS**


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**
Give life save blood
**17 Mei 2022**
**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**


**POSTNET HEILBRON**

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**



Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

**POSTNET Digital**
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

HERALD Sport

# NOU IS DIT RÊRIG 'N GELDPOT

Heilbron Gholfklub se "Poker Draw" staan nou op meer as honderdduisend rand met net nog agt kaarte wat gedraai kan word. Die verwagting is dat dit teen vanaand die R120 000 kerf gaan bereik. Dit is die hoogste wat dit nog was.

Volgende Saterdag bied NG Heilbron die kerk se jaarlikse gholfdag aan. Hierdie jaar gaan dit meer soos 'n gesinsdag wees met stalletjies en sangers wat die aand optree. Die publiek word ook uitgenooi om die dag te kom bywoon.

Jackie Leonard speel goeie gholf verlede Saterdag en wen die HBA maandbeker met 'n telling van 69 houe, drie onder baansyfer. Ruan Mienie was tweede met 74 en Pieter van Staden derde met 74.

Die Oos Vrystaat Sages speel volgende Donderdag op Heilbron en word sowat dertig van die bo vyftig gholfers hier verwag.













GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!







BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 16 MEI 2022**

HANDHAAF Kwartaallikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**DINSDAG - 17 MEI 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 18 MEI 2022**

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**DONDERDAG - 19 MEI 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**VRYDAG - 20 MEI 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za